die wapad

DEEL XIV DONDERDAG 22 OKTOBER 1959 Nr. 15

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# A.B.K.K. Kunsfees Vroeg In Volgende Jaar

Die jaarlikse A.B.K.K.-Kunsfees sal vroeg in volgende jaar plaasvind, nl. vanaf die 14e tot die 19e Maart. Daarom is dit belangrik dat voornemende deelnemers hulle inskrywings reeds in die somervakansie moet voorberei en gereed maak. Die kunsfees vind plaas drie weke nadat die Universiteit heropen het en daar is dus nie veel tyd dan om inskrywings gereed te kry nie.

Aangesien die jaarlikse A.S.B.-Kunsfees gedurende die Aprilvakansie plaasvind, is die reëls vir die A.B.K.K.-Kunsfees inskrywings presies dieselfde as dié vir die A.S.B.-fees. Inskrywings vir die A.B.K.K. wat dus aan vereiste standaard vir die A.S.B.-fees voldoen, kan net so vir die A.S.B. ingeskryf word.

Ter inligting van persone wat reeds gedurende die vakansie hulle inskrywings wil voltooi, plaas ons hieronder die vernaamste reëls van dié afdelings van die A.B.K.K.-fees waarvan inskrywings deur persone op hulle eie in die vakansie kan (en móét!) gemaak word.

**FOTOGRAFIE:**

In hierdie afdeling kan persone inskrywings maak in

(a) Swart en wit foto's
(b) Kleurafdrukke
(c) Kleurskyfies

In elk van dié afdelings hierbo kan weer Natuurtonele, Portretstudies en Geleentheidsfotografie ingeskryf word.

Die minimum grootte van foto's wat ingeskryf word (afdrukke) is poskaartgrootte.

**LETTERKUNDE:**

Hieronder val
(a) Kortverhaal
(b) Essay
(c) Poësie

Kortverhale mag nie langer as 5,000 woorde wees nie, en Essays mag nie 2,000 woorde oorskry nie.

**BEELDENDE KUNS:**

Inskrywings kan in die volgende afdelings geskied:

(a) Beeldhou-werk—enige medium
(b) Skilderkuns:
  (i) Olieverf
  (ii) Waterverf
  (iii) Houtskool
(c) Pottebakkerskuns
(d) Kunsnaaldwerk
(e) Weefwerk
(f) Piouterwerk
(g) Leerwerk

Verder word beoog 'n Stokperdjie-uitstalling, asook dramakompetisie, voordrag, redenaarskompetisie, kore, sang en instrumentale items.

Persone wat nadere besonderhede aangaande enige afdeling van die inskrywings verlang, word aangeraai om met mnr. Idyll van der Walt, voorsitter van die A.B.K.K., in verbinding te tree.

Dit is belangrik dat persone moet besef dat bogenoemde inskrywings reeds in die vakansie sal moet voltooi word.

# Prof. Waterink Oor Verblyf In S.A.

## Be-indruk deur Groei van Universiteite

DIE GROEI VAN DIE SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE, VERAL VAN DIE AFRIKAANSE UNIVERSITEITE DIE AFGELOPE TIEN JAAR IS „EENVOUDIG 'N WONDER—NIE TE BEGRYP NIE" HET PROF. J. WATERINK AAN DIE EINDE VAN SY VERBLYF AS BESOEKENDE PROFESSOR AAN DIE P.U. VIR C.H.O. VERKLAAR.

Prof. Waterink verklaar dat hy die toestroming van gevorderde Suid-Afrikaanse studente na die Universiteite van Wes-Europa besonder waardeer en verwelkom. Die afgelope tien jaar het hy met ruim 200 Suid-Afrikaners in Nederland kennis gemaak van wie ruim 75 vir korter of langer tydperke aan die Vrije Universiteit studeer het.

Die persentasie werklik bekwame en intelligente studente uit Suid-Afrika het die afgelope vyftien jaar opvallend toegeneem. In hul studie lê hulle 'n merkwaardige ywer aan die dag en pas hulle ook deesdae beter by die Nederlandse lewe aan.

Een ding moet nog oorwin word: die mening onder studente dat Nederlands moeiliker is as wat dit werklik is. In Suid-Afrika tref 'n mens nog te veel 'n soort psigiese obsessie aan dat Nederlands 'n moeilike taal is.

Nog 'n moeilikheid van Suid-Afrikaanse studente in Nederland is dat hulle Duits dikwels swak verstaan en Frans meestal glad nie. In die Wes-Europese kultuur-milieu val dit op dat studente uit Suid-Afrika dikwels swak onderlê is in Duits, Frans, Latyns en Grieks, naas Engels die vier belangrike Wes-Europese kultuurtale.

Prof. Waterink het gesê dat die Angel-Saksiese, veral Amerikaanse, inslag van die Suid-Afrikaanse Universiteite opvallend is.

### INTELLIGENSIE

Aan die intelligensie van die Afrikaanse studente skort weinig, maar hul vooropleiding op die laer- en middelbare skool kom onvoldoende voor. 'n Groot plan sal beraam moet word om 'n volkome verandering in die onderwysstelsel te bewerkstellig. Miskien kan die hulp van Nederlandse geleerdes gebruik word in die uitvoering van 'n taak wat miskien dertig jaar in beslag kan neem.

Prof. Waterink voel ook dat die persentasie nagraadse studente aan ons Universiteite te laag is. Vir die kulturele ontwikkeling van die land is dit jammer dat so veel goeie Universiteitsmateriaal na die graadjaar verlore gaan.

Ten slotte voel prof. Waterink dat Nederland ook by Suid-Afrika kan kom leer. Die Afrikaanse Letterkunde staan op 'n hoë peil en hier kan die Nederlanders sien dat die Dietse kultuur oor 'n veel groter gebied as België en Nederland springlewendig is. In Suid-Afrika het Nederland 'n kragtige kultuurbondgenoot.

# VYFTIEN TEOLOGIESE STUDENTE VOLTOOI STUDIE

„U voltooi u studie in 'n merkwaardige jaar vir die Gereformeerde Kerk—die jaar van die eeufees met die wonderlike gewaarwordinge wat ons as Kerk beleef het en die jaar waarin 'n sesde professor, en dit wel in die Sendingweteskap, aan die Teologiese Skool van die Kerk benoem is."

Hierdie woorde het die rektor van die Teologiese Skool, prof. S. du Toit, gerig aan die adres van die vyftiental teologiese studente wat eersdaags hul studie sal voltooi en as predikante beroepbaar gestel sal word. Die geleentheid was 'n gesellige byeenkoms in die saal van die ou Teologiese Skool, waar van die aanstaande dominees afskeid geneem is.

Prof. D. J. van Rooy het as onderrektor van die Universiteit en as huisvader van die koshuise die vertrekkende studente bedank vir die opbouende aandeel wat hulle aan die studentelewe in die algemeen en die koshuislewe in die besonder gehad het.

„Mag julle baie jare sierade in die kerk en bowenal in die Koninkryk van God wees," het mnr. W. L. Kuperus die vertrekkendes namens die studentemaats toegevoeg.

(Vervolg op bladsy 3, kol. 2)

# EKSAMENS IN JULIEMAAND?

## BEGIN VAN AKADEMIESE JAAR IN SEPTEMBER

Hierdie tyd van die jaar is vir elkeen wat die naam student dra, 'n marteltyd. Die mooiste tyd van die jaar gaan by ons verby terwyl die eksamens naderkom. Die andersins heerlike somertyd word vermors in bedompige kamers oor die lessenaars. Daarom het dit tyd geword dat ons ons moet besin of dit dan die regte tyd van die jaar is om eksamens te skryf.

Dit is sinneloos om te dink dat, omdat die eksamens nog maar altyd hierdie tyd van die jaar was, dit die enigste moontlike tyd is. 'n Akademiese jaar se begin kan willekeurig vasgestel word en hoef nie noodwendig saam te val met die begin en einde van die seisoene soos ons dit nog maar altyd ken nie.

Nou kan 'n mens maklik net ten gunste van so 'n veranderisg van die akademiese jaar wees net om die nóu dreigende naderkom van die eksamens te probeer ontduik. Ook dit is sinneloos. Eksamens moet en sal altyd daar wees. Maar dit hoef nie altyd plaas te vind soos dit vanjaar weer sal plaasvind nie.

Waarom kan die Akademiese jaar nie in September begin nie?Dit sal die begin van die lente en die grootste deel van die somer insluit in die eerste twee semesters wanneer daar nog nie eksamenangs is nie. In Desember kan die gewone Julievakansie van 'n maand ingestel word. Die studentegemeenskap kan dus in die somertyd 'n eenheid vorm wat nou onmoontlik verkry kan word vanweë die lang somervakansie. Dié tyd van die jaar is by uitnemendheid geskik vir die vorming van so 'n eenheid. Maar dan moet die studentegemeenskap nog vry wees van die ergste akademiese kwellinge.

Die tweede semester kan dus beëindig word in die begin van die herfs. Wanneer die wintertyd dus aanbreek en 'n mens in jou kamer gedwing word, kan die eksamentyd maar aanbreek. Die wêreld buite is morsdood en bied geen geleenthede wat moet benut word nie. Dan kan die eksamen maar kom.

Het dit nie tyd geword dat ernstig in hierdie rigting dink word, en die voordele en nadele van so 'n verandering moet ondersoek word nie?

—D.R.

(Verskoning vir die groot opskrif en prominensie—dit lyk egter na 'n kostelike idee—veral **nou!**—Red.)

# NESCO EN DIE VESPA

Die Redakteur van DIE WAPAD het 'n noue ontkoming gehad toe 'n groot outomobiel met 'n ewe groot bestuurder agter die wiel, hom liggies van sy bromponie afgestamp het. Al vier (die bromponie, motor, Nesco en Henning (Botha) ) het skok opgedoen. Die skade kan nie bereken word nie. Meneer Botha wag nog vir 'n kontribusie om die skades te help herstel. Kan die dames miskien help?

# RE-UNIE VIR OUD-STUDENTE

'n Re-unie vir oud-studente tot en met die jaar 1930, word vanjaar van 12 tot 14 Desember deur die Universiteit gereël.

Mnr. D. J. Eloff, uitbreidingsamptenaar, deel mee dat die ondervinding met re-unies is dat so baie van die oud-studente uit die jaar vroeg en dié van die jongere verlede vir mekaar heeltemal vreemdelinge is. Dit doen afbreuk aan die hartlikheid van die re-unies wat in die eerste plaas bedoel is om ou kennisse weer bymekaar te bring.

Die gedagte is nou dat gereelde re-unies gehou sal word maar telkens van oud-studente binne bepaalde jaartalle, sodat die oud-studente wat dan vergader, meestal ook ou kennisse sal wees wat in dieselfde tydperk aan die Universiteit studeer het.

„Soos dit hoort, nooi die Universiteit vanjaar die eerste klompie ringkoppe, die manne en vroue wat dertig jaar gelede en vroeër studente aan die destydse P.U.K. vir C.H.O. was.

„Aangesien baie studente, veral die teologiese studente, sewe jaar en langer met die Universiteit verband gehad het, sal daar steeds 'n mate van oorvleueling by ons toekomstige re-unies wees, maar dit word verwelkom, aangesien die kontinuïteit daardeur bewaar bly."

MOENIE.....



MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!"





Unie-Bakkerye

Posbus 244—Tel. 167 en 1086

Bakkers en Banketbakkers
BROOD, KOEK EN PASTEITJIES

KERKSTR. 60 — POTCH.
Spoorwegstr., KLERKSDORP



***Hierdie spasie is veronderstel om 'n advertensie te wees . . .***

★ *Maar hoekom sal ons hier veel sê oor FOTOGRAFIE?*

*Kom self en wees oortuig — ons lewer slegs die beste.*

Beyers Claassen

TELEFOON 455 POSBUS 48

LOMBARDSTRAAT





MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt (EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929


## TUSSEN ONS GESE

Die probleme waarmee studente te kampe het, is legio. DIE WAPAD wil graag 'n positiewe bydrae lewer, en help om die probleme op te los. Ons plaas sommige van die probleme en ons raad aan die betrokke persone.

*Bok Fourie*: Sy probleem is dat hy tevergeefs skiet. Die antwoord bly maar knaend nee. Hy raak glo al moedeloos. Ons dink hy moet sy naam verander. As hy byvoorbeeld Jacques Fourie geheet het, sal geen dame langer vir hom kan nee sê nie.

*Andrew Pyper:* Bo en behalwe politieke moeilikhedé, het hy nog 'n ander groot probleem Dit gebeur dikwels dat hy sy wekker stel om hom vier-uur in die môre wakker te maak. Nou is hy gewoonlik daardie tyd nog nie in sy kamer nie, dan lui die wekker verniet. Die beste vir hom sal wees om 'n sakwekkertjie aan te skaf.

*Karel Fouchè:* Hy is besig om vinnig bles te word, en die „verhouding" wat hy aan die gang het, sloer blykbaar daardeur, anders kon hy al gekys gewees het. Ons raad: kys dadelik, terwyl daar nog so 'n paar hare is.

*Jan Boneschans:* Sy probleem is dat hy en *Louis Jooste* weer gekys is. Vir hom is daar geen raad nie, dit is sy eie „worries". Al wat ons kan sê, is hartlik geluk!

*Pieretjie Kruger:* Sy grootste moeilikheid is dat hy en *Marie Denkema* deesdae geen probleme het nie, waarskynlik omdat hulle gekys is. Hou dit so! Dis darem nie die ergste probleem wat 'n mens kan hê nie.

Daar is een man op die Puk wat nou geen probleme het nie. Dit is natuurlik niemand anders as die *Hoofredakteur* van DIE WAPAD nie. Die oorsaak van sy vry en onbekommerde lewe? Tussen ons gesê, dis die laaste WAPAD wat vanjaar verskyn. Namens Varialesers, baie variasies aan hom toegewens.

## KUSTE en KYSTE

**Charlotte Nel** en **Willie Vorster** het besluit om die stryd teen die akademie saam aan te knoop deur hulle kennis saam in 'n „case" te werp.

Opgedra aan **Elna Schoeman** en **Mannetjie van der Berg:**

Met dofsware plof sal 'n kys uit die mou,
Vrydagaand aktiwiteite verseël met 'n kou (**kus** wil nie rym nie).
Onder 'n boompie by die kanaal
Sukkel Mannetjie hom byna onkapa'al.

**Elna wou eens niks laat bewimpel,**
**Maar laat haar tog eindelik oorrompel.**

Pasop! 'n Blink epidemie het uitgebreek! Dis so erg dat die entstof daarteen begin opraak. **Jenny de Klerk** vertoon die simptome aan haar ringvinger. **Tienie Potgieter** was die oorspronklike draer by wie sy dit aangesteek het.

Toe kom dit op die lappe: **Elbie Brink** en **Dawie Steenberg** het al lankal hierdie siekte soos hierbo uiteengesit onder lede. Veels geluk, hoor!

**Christina Postma** het gou haar spore in die studentelewe gemaak. Sy is die enigste tweedejaar wat op die S.R. en die Huiskomitee verkies is. Goed, né?



die wapad

Redaksie en Administrasie

| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Dirk Herbst | X041 |
| NUUS | Dewald Roode | 1566. |
| | en Frans van der Vyver | 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren | X041. |
| | en Bets Coetzee | 0013. |
| SPORT | Eddie van der Westhuizen | X041. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe | 19. |
| | en Marieke van der Merwe | 281. |
| TEGNIESE ADVISEURS | Gouws Oberholzer | 2162 |
| | en Henning Botha | X042 |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |

IN ULIC

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
DONDERDAG 22 OKTOBER 1959

## REDAKSIONEEL VERBODE LEESSTOF

Laat die mense nie van jou sê: hy bedoel dit goed nie. Want dit beteken: hy doen dit verkeerd.

Gee aan die wêreld jou allerbeste, en die allerbeste sal na jou terugkeer.

Nuuskierigheid met betrekking tot dinge getuig van grootheid van gees; nuuskierigheid met betrekking tot persone van kleinheid.

Wie hom aan ander vashou, staan onvas; wie op homself steun staan vas.

Wie sy eie leermeester wil wees het 'n dwaas vir 'n leerling.

Om veel ondervind te hê, wil nog nie sê dat jy ondervinding besit nie.

Elke mens kry twee opvoedinge: een wat hy van ander kry en een, die belangrikste, wat hy homself gee.

'n Koppige mens het geen menings nie. Hulle het hom.

Die beste ding vir grys hare is 'n verstandige kop.

Die skrywer van die **verbode leesstof** groet u—met die nodige apologie.

## In U Lig

# LIEFDE IS GEEN LIEFDELOSE BEGRIP NIE

**Psalm 103 : 8:** „Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid."

Liefde, soos die Skrif dit teken, is iets totaal vreemds in hierdie wêreld van ons. Ons ken slegs daardie afgetrokke, lewelose begrip van die liefde. Ons ken slegs die begrip van die liefde wat 'n produk is van die verstandelike berederinge; 'n pragtig omskrewe begrip waarin die hart geen rol speel nie. 'n Hartelose liefde . . .

God roep ons liefde! Pragtig teken die psalmdigter die liefde van God tot ons: **Barmhartig en genadig, lankmoedig en groot van goedertierenheid.**

Geagte leser, God wil hê dat ons liefde teenoor Hom en teenoor ons medemens 'n skadubeeld van Sy liefde tot ons moet wees. Beantwoord daardie leë en hartelose begrip wat ons liefde noem aan die eise wat God daaraan stel?

As ons slegs 'n oomblik stil en heel openhartig oor die saak wil gaan dink sal die antwoord baie duidelik en helder voor ons staan: Nee! Ons wil beredeneerd wees. Ons stel ons eie eise aan die liefde, eise wat aan wetenskaplike metodes en standaarde moet voldoen. Ons moet dit kan ontleed, logies orden en tot 'n harmoniese geheel saamvoeg. En dan, geagte leser, het ons die wetenskaplike resultaat van ons liefdesbegrip: 'n leë en siellose gedrog wat geen God meer wil erken as 'n barmhartige Vader nie, en wat sy medemens nie gun dat die son oor hom skyn nie.

U sal Psalm 103 : 8 in geen wetenskaplike sisteem kan inpas, nie, u sal hefde aan geen wetenskaplike ondersoek kan blootstel nie.

Geagte leser, as u die tot God gerigte hart wegneem uit die liefde, dan het dit geword soos ons dit vandag ken: **'n liefdelose begrip.**

ANDRIES MYBURG.

# DAMESHUISKOMITEES VIR 1960

Op 'n koshuisvergadering gehou op Woensdagaand, 30 September, is mej. Maryn Fourie verkies as hoofdame van die Universiteit vir 1960. Sy was een van sewe genomineerdes.

Mej. Fourie is tans 'n derdejaarstudent in die fakulteit lettere en wysbegeerte en is van plan om volgende jaar die Universiteitsonderwysdiploma te verwerf.

Tot onderhoofdames is verkies mejj. Nettie van 't Riet en Mollie van der Linde. Die huiskomitees is verder soos volg saamgestel: Mejj. Roslee Smit, Marianne Stigling, Erna Labuschagne, Elaine Botha, Estie van der Walt, Helena Els, Christine Postma, Irma Brugman, Ida Viljoen, Rina Roos, Rina du Plessis, Willie van Heyningen, Theunsina van Wyk.

Saam met die onderskeie hoofdames, word die huiskomiteelede ingedeel in die onderskeie koshuise.

## Rina Viljoen †

Vir die derde keer gedurende die afgelope jaar is die studentegemeenskap van die P.U. geskok deur die dood van 'n medestudent. Op Saterdag 12 September het Rina Viljoen op tragiese wyse in 'n motorongeluk die lewe gelaat.

Catharina Jacoba Viljoen is gebore op 21 Oktober 1940, en was die oudste dogter van mnr. en mev. J. C. Viljoen, tans van Stilfontein. Sy het op Klerksdorp skoolgegaan en het in 1958 met 'n eersteklas aldaar gematrikuleer. Aan die begin van 1959 het sy by die P.U. ingeskryf vir B.Sc. met Liggaamsopvoeding en Aardrykskunde as hoofvakke.

Rina het haar dadelik onderskei as 'n pligsgetroue, briljante studente wat haar plek ook deeglik kon volstaan op sportgebied—sy was reeds in haar eerste jaar lid van die P.U. se eerste swemspan.

As persoon was Rina stil van geaardheid, dog opgewek en altyd hulpvaardig. Dit was aangenaam om haar te ken en haar afwesigheid word diep gevoel.

Die Studentegemeenskap van die Potchefstroomse Universiteit spreek hulle innigste simpatie en meegevoel uit teenoor die ouers en naasbestaandes met die gevoelige verlies.

(Vervolg van bladsy 1, kol. 4)

„Aan u as professore betuig ons ons hartlike dank vir alles wat ons ontvang het in hierdie jare van vorming. Ons het hier as rekrute aangekom, maar hier is ons gevorm. Ons gaan hier weg met gemengde gevoelens, maar tog met 'n grondtoon van dankbaarheid," het mnr. H. G. Kruger namens die vyftiental verklaar.

Mnr. C. J. van Vuuren het as seremoniemeester opgetree. Die program is opgeluister met musiek- en sangnommers. Die susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom het gesorg vir aangename verversings en mooi blomme.

Die vyftien teologiese studente is: Mnrr. J. H. Coetzee, W. J. van der Westhuizen, E. J. Smit, H. G. Kruger, D. J. Taljaard, S. P. B. Buys, A. N. Helberg, N. Droomer, D. Postma, R. V. Venter, P. J. J. van der Walt, D. C. Coetzee, T. A. Liebenberg, W. de Vos en B. C. Prinsloo.

## TWEE BESTURE

Die volgende persone is verkies op die besture van die Wysgerige en die Estrarte Letterkundige verenigings:

WYSGERIGE VERENIGING

**Voors.:** D. A. S. Herbst.
**O/Voors.:** P. P. Kruger.
**Sekr.:** Mej. A. Venter.
**Pgm.:** F. Denkema.
**Add.:** B. van der Walt.

LETTERKUNDIGE VERENIGING

**Voors.:** K. van Niekerk.
**O/Voors.:** D. A. S. Herbst.
**Sekr.:** Mej. M. Viljoen.

## 1960 se Ma's en Pa's

Tydens die onlangse verkiesings van koshuisverteenwoordigers in die verskillende koshuise is die volgende persone verkies:

**Dawie du Plessishuis:**
Prinsloo Potgieter.
Dirk Herbst.
Hasie Howell.
Piet Steinberg.

**Kompleks:**
Lou van Wyk.
Dries Yssel.
Jan Combrinck.
Koos du Plooy.

**Dames:**
Maryn Fourie.
Mollie van der Linde.
Nettie van 't Riet.

PUKKE.....



en ander ELEKTRIESE BENODIGDHEDE
W. J. SPAVINS SEUN
Kerkstraat 101 Tel. 185

REBA-KAFEE
Tomstraat 88
DORS?
HONGER?
Bestorm ons om kronies versadig te raak.

Geen Verwarmers toegelaat?!
Ontsteek 'n hopie KOLE, SMITSKOLE, of ANTRASIET van
Stander & Linder
Wolmaransstr. 77 Tel. 368, 367
in u kamer!






Vir Kwaliteit DROOGSKOONMAAK stuur na — WESTVAAL



„Aitsa!"
As die DAMES so sê moet jy weet die Jongeheer koop sy klere by:
J. TOD SUTTIE
Kerkstraat 177 — Telefoon 1
POTCHEFSTROOM

Alle Gekysdes en Verloofdes!!!!



Bevorder U Sake.....
Kom na
MALAN MEUBILEERDERS
Kerkstraat 112 Telefoon 2157




Vir u
- FIETSE
- BROMFIETSE
- MOTORFIETSE
- TIKMASJIENE

ens.,

Kom na—
J. HEIDEMA
POTCHEFSTROOM
Telefoon 364. Kerkstraat 48.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

**W. LINDEQUE**
'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!
Kerkstraat 64 Telefoon 1280

SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE!



Die PADKAFE



ROADHOUSE

VERSKAF U 24-UUR DIENS MET donderend-STRELENDE MUSIEK DEURENTYD.

Spesialiseer in:
- WARMBRAKKE
- HAMBURGERS („Ham Citizens")
- MAALTYE EN VERVERSINGS.

PAARL
FILTER




koel soos
die bergstroom

Verreweg die beste koop teen 1/9 vir 20

P 30a

# TOTSIENS!

***Hiermee bied die redaksie 'n min of meer verteenwoordigende aantal steekproewe in die gedagtes van die klompie veterane wat ons verlaat. Die WAPAD voeg graag sy goeie wense by die van die Studenteraadsvoorsitter.***

Ons moet aan die einde van hierdie jaar askeid neem van baie van ons vriende en bekendes. Dit kan ook nie anders nie want die lewe staan nie stil nie. Aan almal wat ons aan die einde van hierdie jaar gaan verlaat wil ons 'n stewige handdruk van voorspoed gee in die hoop dat dit met hulle baie goed sal gaan—en as u 'n kansie kry, onthou u is baie welkom om vir ons te kom kuier.

Baie van diegene wat ons gaan verlaat moet ook 'n spesiale woord van dank toegevoeg word vir wat hulle vir ons in die Studentelewe gedoen het. Ons waardeer u hulp



**Hennie van der Walt, S.R.-Voorsitter, 1959 en 1960.**

en leiding en sal altyd die pad bewandel wat vir ons aangedui is, nie slaafs nie, maar met ons eie oortuiging. Aan diegene wat oorsee studeer, maak 'n sukses van u studies. Vergun my 'n spesiale woord van dank aan mnr. A. N. Helberg vir sy dienste die afgelope jaar aan die studentelewe. Ek wil hom 'n baie aangename oorsese reis toewens met die Abe Bailey-beurs.

Aan u almal, dames en here, baie sterkte met die eksamen en ons hoop om mekaar weer volgende jaar te sien.

H. J. D. VAN DER WALT.

„Er is een tijd van komen en er is een tijd van gaan . . ."

Die woorde van die digter spreek duidelik tot 'n mens wanneer jy mettertyd jou tassies en boekies sal pak, die Puk sal totsiens sê, en sal plek maak vir ander groot geeste!

Maar soos dit miskien maklik sal wees om die letterlike stof van die Puk afgeskud te kry, sal 'n mens nie maklik die geestelike stof wat jy hier op die Puk opgetel het, afgeskud kry nie. Die akademiese skoling op die beginselgrondslag van die P.U. vir C.H.O., is 'n erfdeel wat nie net dien as agtergrond vir jou werk later nie, maar ook as basis vir jou lewe. En ook die vorming in die studentelewe met ook sy beginselgrondslag, is eweneens 'n erfdeel, 'n trots.

Mag ons dit besef solank as wat ons op die Puk is; mag ons wat weggaan, dit besef—en mag die Puk altyd nog daar wees om aan ons almal die rigting aan te dui: „In U Lig!"

HERMIEN VAN DER DUSSEN,
Hoofdame.

Sleep, studeer en neem deel aan die studentelewe. Hierdie drie dinge, veral die sleep, beskou ek as die basiese vereistes vir 'n goeie student.

Ongelukkig het ek aldrie gedurende my studentejare gruwelik verwaarloos—tog het ek darem 'n vrou gekry.

Al raad wat ek dus kan gee is: vat hierdie drie dinge saam in 'n slagspreuk, en dit sal lekker wees om student te wees!

CASSIE STEENKAMP.

As eerstejaars het ons gestaan op die drumpel van Studentejare. Dit was die begin van 'n nuwe lewe, nuwe denke en nuwe lewenswyse. In ons harte 'n onrustige verwagting na dit wat nuut gaan wees, dit wat ons nog nie geken het nie.

En nou het ons terugkeer tot daardie drumpel. Maar dit is nie meer 'n ingang nie, maar wel 'n uitgang. Dit is die einde van vier jaar. 'n Ander lewe het ons geken, 'n ander denkwyse het die Alma Mater ons tuis gebring. En weer eens staan ons voor 'n lewe; met dieselfde onrustige verwagting na dit wat gaan wees.

Van die een drumpel na die ander: Die lewe is vooruitgang!

Vir die jare op die PUK is ek dankbaar. Dit is 'n kleinood om te bewaar.

Hiermee dan aan almal 'n hartlike groet!

IRMA SCHOEMAN.
(Hoofdame,
Thaba Jäh).

---

Totsiens—'n woord immer gelaai met emosie, 'n woord wat skeiding bring.

Die ketting van die jare word gebreek, ja, maar die herinnerings bly. Herinnerings aan dit wat tot die vorming bygedra het, want hier is dit waar die swaard gesmee word vir die stryd, waar die goue draad toeberei word waarmee die patroon van ons lewens geborduur word. Laat ons dit onthou en elke oomblik van ons studentelewe 'n belewens maak, dan bring totsiens nie alleen skeiding nie maar ook dankbaarheid. Ek groet u, Alma Mater.

SCHALK BUYS.

In die moderne lewe met sy masjien-aangedrewe voertuie hetsy op die water, op die land of in die lug, hoor 'n mens dikwels die uitdrukking: „Maggies, maar die tyd vlieg gou verby!"

Dit is dan inderdaad wat ek na vyf jaar op die P.U. in alle eerlikheid kan sê. Die rede hiervoor is heelwaarskynlik die feit dat 'n student so druk besig gehou word deur die akademie en buitemuurse aktiwiteite. Vir my lyk dit egter asof iets wat aangenaam is maar altyd te gou sal verbygaan.

Aan almal wat agterbly: geniet die lewe solank julle nog jonk is! 'n Spesiale woord van **sterkte** in julle stryd wens ek toe aan al my sapvriende wat agterbly.

ANDREW PYFER.

---

Makliker sou dit gewees het om jou gedagtes te laat gaan oor dit wat in die nabye toekoms lê, want eg menslik het jy reeds op die vooraand van die verwesenliking van jou lewensideaal vorentoe gekyk, sonder om eintlik ag te gee op dit wat reeds agter die rug lê. En tog is dit twee dinge wat so nou aan mekaar verbonde is, want onbewus het dit wat verby is die toekomsblik gevorm en bepaal. In jou toekomsdrome is die verlede dan ook diudelik gereflekteer.

As 'n mens jouself dan in hierdie toekomssfeer van geluk bevind behoort die verlede daar te staan, nie net as 'n aangename herinnering nie, maar ook as 'n leerskool waarin vreugde en teleurstellings jou lewensuitkyk gelouter en gevorm het. Dit is daarom met dankbaar-



**Abie Helberg, S.R.-Ondervoorsitter. 1959.**

heid dat 'n mens vorentoe kyk, omdat die verlede die belofte is van die mooie in die toekoms, omdat die aangename werklikheid die toekomsdroom voed en bevrug. 'n Mens verlaat dus jou Alma Mater met dié hoop, dat die mooie, die goeie en die leersame van die verlede, wat op die oomblik nog maar net jou toekomsdrome bepaal, die aangename werklikheid mag word van die toekoms.

Aan almal wat my die mooie en goeie beter laat sien het, aan dié van wie ek soveel geleer en ontvang het: mag dit wat u gegee en betoon het, nie net bydra tot dit verryking van u eie lewens nie, maar mag die studentegemeenskap ook daaruit 'n voorbeeld put, en mag dit bowe-al wees tot eer van Sy Naam wat ons tot al hierdie dinge in staat gestel het.

ABIE HELBERG.

**LE ROUX ATELJEES**

**Hiermee stel ons bekend dat 'n tak van ons besigheid geopen word te**

**KERKSTRAAT 71**

**vanaf 8 September 1959**

*Ons spesialiseer in—*
*PORTRETTE,*
*KINDERSTUDIES,*
*GROEPFOTO'S en*
*HUWELIKSFOTO'S*

Takk te:

**MAHERRYSTRAAT 64 — TELEFOON 862**
**KERKSTRRAAT 71**

# REDAKSIE LÊ DIE TUIG NEER

En hiermee verskyn die laaste uitgawe van DIE WAPAD van 1959. Vandag lê die redaksie en administrasie die tuig neer. Die eerste WAPAD het verskyn op 6 Maart, maar lank voor die tyd het die redaksie alreeds begin dink, planne maak, geswoeg en gesweet. Veertien uitgawes het sederdien die lig gesien—ses-en-sestig bladsye van WAPAD nuus.

## Terugblik

Hoogtepunte op die skof van die WAPAD gedurende die afgelope die afgelope jaar was die verskyning van 'n intervarsitie-uitgawe op Saterdag 23 Mei toe geesdriftige eerstejaars die Kovsies sommer vroeg-vroeg met „die blad" oorval het, die verskyning van die Dalrymple-uitgawe op die oggend van dié belangrike byeenkoms—'n uitgawe wat, in die woorde van prof. Smith, meer gedoen het om die byeenkoms in Potchefstroom bekend te stel as enige ander middel.

Daar was ook 'n speiale sportuitgawe, 'n taalfeesuitgawe, en 'n kunsfeesuitgawe.

### MONDSTUK

Ook vanjaar—soos tevore—het DIE WAPAD probeer om 'n mondstuk van die studentemassa van die P.U. te wees: bedrywighede op die campus het voorrang geniet. Daar is egter ook getrag om 'n mondstuk te wees van die A.S.B. en om op inter-universitêre terrein inligting aan u te verskaf.

### RUIMTE VIR VERBETERING

Met min geld en min tyd is deurgaans gepoog om puik uitgawes die lig te laat sien, en met 'n jong redaksie is vanjaar in vele opsigte baanbrekerswerk gedoen en nuwe rigtings ingeslaan — oulike breinkinders het die lig gesien . . . en baie foute is gemaak.

DIE WAPAD **sal** en **mag** nooit staties— en stagnant—word nie. Die foute en suksesse van 'n redaksie vorm slegs wegspringplekke vir die volgende redaksie: vorentoe.

### DANK

Die redaksie spreek graag sy innige dank uit teenoor die baie persone en instansies wat gehelp het om DIE WAPAD vanjaar moontlik te maak of te verbeter. Aan mnr. Leuschner 'n woord van hartlike dank vir die nuwe „wapad"-ontwerp wat op die voorblad pryk.

'n Besondere woord van dank aan dr. Hertzog Venter wat vir ons oneindig veel meer as net 'n **taal**adviseur was.

## 'n Hoofredakteur sê dankie — en totsiens

Dit was 'n voorreg om 'n plekkie te kon inneem in die ry van Hoofredakteurs van ons studenteblad. Aan die begin van 'n mens se dienstydperk voel jy verlore, en aan die einde daarvan voel jy klein.

Vergun my 'n kort woord van dank in hierdie ruimte:

**Mnr. Dirk Herbst:** vir u vriendskap en geduld—en vir 'n paar breë skouers waarop ek nooit genoeg kon laai nie. Vir my was u die ideale onder-hoofredakteur. Die WAPAD van 1960 is in veilige hande.

**Mnrr. Dewald Roode** en **Frans van der Vyver:** as nuusredakteurs was u u gewig in goud werd.

**Mej. Enid Rautenbach:** vir u takt, nugtere oordeel en raad gedurende die „hervormingsmaande" van die 'PAD, en die bekwame hantering van 'n moeilike rubriek.

**Proffie van Vuuren** en **Bets Coetzee:** Varia is 'n glibberige onderwerp—u het dit met spykerskoene bewandel!

**Mnr. Ben van der Walt:** vir die ure gespandeer oor lino-blokke—jammer ons kon nie lynblokke bekostig nie!

**Mnr. Johan van der Merwe** en **mej. Marieke:** Tegnies was dit onverbeterlik—jammer tog van die onkostes waarteen gestry moes word!

**Mnr. Eddie van der Westhuizen:** dit was vir niemand ooit nodig om oor sportverslae bekommerd te wees nie—en dis veel gesê.

**Mnrr. Gouws Oberholzer** en **Henning Botha:** U was die ministers sonder portefeulje en het te kampe gehad met die onaangenaamste werksure en die mees onomlynde werksgebied. Dankie vir wat u gedoen het.

Aan die administratiewe deel van die redaksie: u het in stilte gewerk, en daar was weinig erkenning—u het 'n stewige fondasie daargestel waarop die redaksie kon werk. **Mnr. Rassie Smit:** aan u en aan die groot getalle eerstejaars wat u behulpsaam was, veels geluk en baie dankie. **Mnr. Ben Bierman:** Die advertensies was in uiters bekwame hande. U het vir ons die middele verskaf waarmee ons kon werk. **Mnr. Jan Kense:** As minister van finansies kon ons geen bekwamer persoon verlang het nie!

U almal was 'n wonderlike redaksie om voor te werk. Baie dankie.

Aan die Studenteraad van 1959: dankie vir u hulp en simpatie met hierdie onderkomitee se probleme.

Aan die firma Enslins wat die druk van die blad behartig het: Dank vir u tegemoedkomendheid, geduld en opregte belangstelling kan nie in woorde uitgedruk word nie.

Aan u almal: dankie vir die gees waarin u hierdie blad ontvang het. Dit was aangenaam om die blad vir u te hanteer.

NESCO.

## Kontraktereg

Mnr. en mev. M. S. Cramer van Primrose, het die genoeë om hiermee bekend te maak dat hulle dogter Nicoline, 'n tweedejaarstudent in Lettere aan die P.U. vir C.H.O., haar in 'n kys gegewe het met mnr. Anton (Cha-cha) Fourie van Potchefstroom. Mnr. Fourie is die jongste seun van mnr. en mev. J. P. Fourie van Potchefstroom, en is besig om sy studie in Bantoetale voort te sit.

## Thaba Jäh teen die Kompleks

Die mans was woedend: daar is geen pos nie! Het die buitewêreld hulle vergeet? Thaba Jäh sit rustig en glimlag in die son—die dames is die onskuld self. Die ou-here verlang na nuus van hulle meisies en die eerstejaars mis die bemoedigende woorde van hulle tannies. En toe, aangesien die Thabajiete so graag wou pos hê, het die mans toe maar die mees romantiese minnebriewe vir hulle geskryf. Die stryd duur voort!

## TOTSIENS

(Vervolg van bladsy 4)

Klawerhof.
Kulu,
4 Oktober 1959.

Liewe Oom Soois,

Nou ie dag toe oom my gevra et om te sanik kon ik ie hi woord ytkry ie, oorlat ik so bewoë was, enne nou kan ik hi paar ytkry.

Toe ik hier oppie Pik gekomet, was ik maar baie simpel, dit was ie dae toe ik net seikouse beginne draet, want voorlatons Pots toe gery et moes ik eers oppie stoel staan, solat my ma kon kyk of my nate reggyt is.

Weet Oom Soois hoe simpel was ik, ik sleep mos mit so hi belangrike ouheer marik komet toe ie eers agterie. Ons het so hi ent gestap toe ons by hi bordtjie „Dam" kom. Ik dink toe skierlik annie waarskiewing va my oma teen ie virkeerde wêg vannie lewe. Toe hoorik my eige ma se stim „jy moet nooit aannie bigeertes van hi man toegeeie. So wrintie waar hy vra my of ons sil dam toe stap. Ik sê vir oom toe park hier hi knop immy keel solat ikkie asim kry ie. Dis toe lat ik dominis se woorde onthou: „Selfbiheersing" en dis toe lat ik my reg ruk enne sê: "jy is mettie verkeerde tiepe deermikaar". Ons draai toe net daarom enne stap op in af innie hilderstrate totlat dit elfier was. Ik weet tie hoe ik dit ythou ie. Toe draai daar skierlik hi ding vol liggies innie straat in, en raas te vrieslik, en ommie stilte ti breek vra ik wat nou hier aankom, ennie volgende oomblik gly ie . . ., oom weet mos, daai lelike ding, veby ons.

Oom Soois, as oom my nou so kyk, kin oom siekerie dink lat ik so simpel kin wees nie. Nee, nooittie . . . dankie sy die ouhere.
GROOTNEUS, MIEKIE B.A. IV, uod i.
(Lien Fivas, Hoofdame De Klerkhuis.)

---

Die boeke lê in kringe en hope hier rondom my.

So gaan dit as jy met jou finale eksamen worstel.

Die laaste worsteling egter.

Nou gaan ons hierdie Alma Mater van ons verlaat. Dit was lekker om hier te studeer—'n voorreg wat tot dankbaarheid stem. Alleen deur te worstel kan jy tot innige dankbaarheid kom.

Lank lewe die boeke rondom die Pukke!

En lank lewe die Pukke buite en binne-in die boeke!

Dit mag worsteling afgee. Maar die dankbaarheid en die blydskap sal ook kom . . . daar aan die einde!

Wees van harte gegroet,

DIRK POSTMA.

---

Dis altyd swaar om afskeid te neem.

'n Mens kry die idee dat die lewe maar so bestaan uit 'n opklim- en 'n afklimproses: as sesjarige begin jy die trap opklim na matriek toe en daar gekom, val jy af om 'n eerstejaar te word. Nou het ons opgeklim tot die waardige status van oudames, net om met 'n oorverdowende slag te moet afval en bewerige, knop-in-die-keel-juffrouens te word.

Hierdie jare was mooi. 'n mens weet natuurlik lankal dat dit aan die verbygaan is, maar die *besef* kom eintlik nie so maklik nie. Dis as jy op 'n dag hoor hoe 'n eerstejaar die gang afhol en „Hooflyn!" skree, of as die bekers om die teekan geklink word, of as jy jou laaste hees geluid op 'n nagtelike serenade uitsteun, dat jy skielik met 'n vreeslike wete wéét: dis die laaste weke dié.

'n Mens sal jou studentejare nooit vergeet nie; dis soos die lekkergoed wat jy eers kon eet, voordat die droë brood kom. Wat ookal gebeur, êrens sal hulle soetigheid bly om op terug te val in die maer jare vorentoe.

En nou bly daar eintlik niks meer oor nie as om knip-knip na die baie herinneringe terug te kyk, 'n bietjie begrafnis te hou en dan te sing:

„O treurigheid op note,
Ek staan op eie pote!"

Darem nog een ding: daar is drie U.O.D.'s wat oortuig is daarvan dat hulle bordwerk met lof deur is.

(Vervolg op bladsy 6)


Op pad . . .



na
GEEN & VELLEMAN
vir hulle
FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.
Volg hom na:
Kerkstraat 178.

Uit die mond van die suigeling . . . . !



Dameth en Heerge
Die Bult Apteek
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091

J. du Raan
HORLOSIEMAKER EN JUWELIER
Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.
KERKSTRAAT 161
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE

SHELL
NAGRAADSE STUDIEBEURSE

Die **SHELL INTERNATIONAL PETROLEUM CO. LTD.,** bied twee beurse, elk van £750 per jaar vir twee jaar, geldig in die Verenigde Koninkryk vir nagraadse studie in een van die volgende studierigtings:

* **INGENIEURSWESE**
* **CHEMIESE INGENIEURSWESE**
* **GEOFISIKA**
* **CHEMIE**
* **FISIKA EN GEOLOGIE.**

Die Maatskppy sal ook 'n groot bydrae tot die reiskoste maak.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is op 1 NOVEMBER 1959. Besonderhede van hierdie beurse en aansoekvorms is verkrygbaar by die Registrateur se kantoor of van DIE SHELL-MAATSKAPPY VAN SUID-AFRIKA BPK., PERSONEEL-AFDELING, POSBUS 2231, KAAPSTAD.

Suksesvolle applikante is onder geen verpligting om by die Shell-maatskppy in diens te tree nie.



KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!

by

G. & H. JUWELIERS

129 Kerkstraat. Tel. 1031


# VAN VERDEDIGING TOT SPORT

Die judoklub van die Potchefstroomse Universiteit het in die kort tydjie van sy bestaan reeds veertig lede gewerf, waarvan vyf-en-twintig dames en vyftien mans is.

Die mans beoefen judo veral as sportsoort, terwyl die dames jujitso doen wat hoofsaaklik gemik is op selfverdediging.

Die doel van 'n persoon wat in 'n judogeveg betrokke is, is om eerste punte teen sy teenstander aan te teken. Punte kan op drie maniere behaal word:

1. Deur die teenstander 'n sogenaamde skoongooi te gooi—wanneer die teenstander op sy rug val en albei sy voete van die grond was, tel dit as 'n skoongooi.

2. Deur 'n teenstander vir dertig sekondes op die mat vas te pen.

3. Deur 'n toegeepunt te behaal deurdat 'n murg- of beenslot toegepas word.

**KLEURE**

Volgens 'n stelsel van graduering word kleure vir vordering in judo toegeken, en wel soos volg: rooi (vir beginner), wit, geel, oranje, groen, blou en swart.

Toekennings vir amateur judomanne geskied egter nie op dieselfde grondslag as die aan professionele deelnemers nie.

**SELFVERDEDIGING**

Dis interessant om daarop te let dat judo sy oorsprong in Sjina gehad het waar sekere mense onderdruk was en nie wapens besit het nie. Die onderdruktes het toe na vele proefnemings 'n metode ontwikkel om 'n persoon sonder wapens te beveg.

'n Japannese professor het die selfverdedigingsmiddel tot sportsoort laat ontwikkel en dit is judo soos ons dit in huidige vorm ken.

# FANTASTIESE VERHAAL VAN TWEE WERELDREKORDS

Die verhaal van hoe Martin Lauer, die puik Wes-Duitse atleet, onlangs in Switserland twee wêreldrekords in hekkieslope opgestel het, is byna fantasties.

Lauer wat benewens 'n wonderatleet ook 'n goeie student is en baie belangstelling buite atletiek het, het die oggend twee lesings by die Tegniese Kollege van München bygewoon. Toe is hy per vliegtuig na Zürich.

In die middag het hy met 'n paar spanmaats op 'n meer gaan vaar en allerlei gevaarlike toertjies met sy seiljag uitgehaal. Daarna is hy na die atletiekbaan waar hy die aand twee wêreldrekords in hekkiesnommers opgestel en toe nog met 'n skitterende naelvertoning sy span in die aflos laat wen het.

Hy het eers die 110 meter-hekkies in die fantastiese tyd van 13.2 sekondes gewen en toe die wêreldrekord vir die 200 meter-hekkies na 22.5 sekondes verminder. Gert Potgieter se Statebondsrekord vir die 220 tree-hekkies is 23.1 sekondes.

(Vervolg van bladsy 5)

En een het die eksamen toe sommer mondeling afgelê . . .

Lank lewe die Puk! Ons groet jou!

ELBIE BRINK.

Dit is met min geesdrif dat ek 'n afskeidsboodskappie aandurf. Al is ek nou al vier jaar hier wens ek vir nog vier!

Die twee Alabamatoere met die vriendskappe daar gesluit sal ek nooit vergeet nie. Swem en toneelspeel—en daarmee Thalia—het 'n inherente deel van my bestaan hier geword: die herinneringe is wonderlik! Minder aangenaam was 'n monoloog tydens 'n eerstejaarskonsert waar lof in die vorm van pennies en papiri geuit is!

Nou sê ek vaarwel aan die onbesorgde lewe hier om heen te gaan en ewe vroompies te gaan kinders leer en altyd 'n goeie voorbeeld te stel.

Aan u almal: Totsiens.

BETS COETZEE.

Met aangename vooruitsigte kom ons almal na die Universiteit. Daar is die vele aangename verwagtings van wat die nuwe lewe wat ons betree het, ons moontlik nog bied. Die vooruitsigte van nuwe vriendskappe wat gesluit mag word. Die verwagting van nuwe en breër kennis wat ons sal versamel en die hoop dat ons arbeid geseën sal wees. Maar bo alles, die aangename vooruisigte van somaar-net-student-wees in 'n studentelewe met sy baie variëteite waarin 'n mens jou volgens jou gawes kan uitleef. Ja, dit bly seker maar altyd die mooiste tyd van 'n mens se lewe; hierdie tyd van student-wees. En as jy die dag hier weggaan, dra jy swaar aan die skat van mooi herinnerings wat jou hele lewe jou sal bybly.

Waar ek nou van u moet afskeid neem, Pukke, wil ek u die seën van die Here toebid vir die toekoms. Mag u wat weer sal terugkom nog verder geniet van dit wat die studentelewe u bied. Maar onthou altyd, op so 'n manier dat dit tot eer van die Here sal wees.

Ek groet u, Pukke, met dank in hart en met opregte waardering vir die voorreg wat u my gegun het u ook in heelwat opsigte te kon dien. Dit was vir my 'n aangename taak.

As ek (D.V.) volgende jaar op een of ander plek gevestig sal wees, is u altyd hartlik welkom om 'n koppie tee of koffie te kom drink. My huis sal altyd vir u oopstaan.

Ek groet u met 'n stywe handdruk.

HENNIE COETZEE.


**Ondersteun Ons Adverteerders**



Ons maak 'n klankie vir

**Kollege Kontantwinkel**

SOMMER HIER BY U!

Tel. 2912.



Vir daardie hol gevoel op die maag bak ons die HEERLIKSTE VLEISPASTEITJIES

**TURKSTRA BAKKERY** (Edms.) Bpk.

KERKSTRAAT 61



**DIENS!**

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

**Mooirivier-Apteek**

205. Kerkstraat Telefoon 380.



**JANET says:**

for:
- SWEETS
- GRILLS
- COOLDRINKS

Take me to the —

**Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.**



*U FOTOGRAAF VIR KUNS EN KWALITEIT*

**ALF'S STUDIOS**

KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432



**Claustrophobia?**

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?

MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK — KOM NA

**PRO REGE PERS**

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT

*Nie op see nie, maar op land, is*

**MOOIRIVIER MOTORS**

*DIE HAWE VIR ELKE MOTOR!*

***Met uitstekende diens word alles van alle motors herstel!***

Kom besoek ons en besigtig ons BORGWARD, HANSA en LLOYD-MOTORS

Besoek ook

**MOOIRIVIER MOTORS**

LOMBARDSTRAAT 44 TELEFOON 2895